STREEK NUUS NEWS
STREEKNUUS BRONKHORSTSPRUIT
10 Mei 2019 • mail@streeknuus.co.za

Kontak gerus vir Franeske by 076 275 3450 om meer uit te vind oor hierdie advertensie spasie.
STREEK NUUS NEWS

# Karatekas ryg hope medalies in

**Zeldine Fourie**

Bronkhorstspruit se karatekas het meer as 30 medaljes losgeskop in die Gauteng Ope-kampioenskappe.

Die Shotokan-ZA kompetisie was deur die Luiperds karateklub in Bronkhorstspruit aangebied.

Meer as 13 skole het aan dié geleentheid deelgeneem, waarvan 39 deelnemers aan die Luiperds behoort.

Die jongste twee deelnemers van die Bronkhorstspruit-klub is maar net vyf jaar oud.

Op 5 Mei het die aksie by die Godrich Toyota perseel, van vroeg oggend tot laat middag, plaasgevind.

In die twee oorspronklike afdelings: Kata en Kumite (veg) het die Luiperds hope goud, silwer en brons medaljes verower.

Seuns en dogters het uiters goed presteer en spog met 15 goue medaljes, 12 silwer en 16 brons.

Wat die kompetisie nog groter en beter gemaak het, is dat die klub ook vir die eerste keer 'n wapen kategorie aangebied het, waarby deelnemers ook uitmuntend presteer het.



Christiaan Kruger. Ryon Bateman.



Ryon Bateman. Rudy Jacobs.



Bella Meyer.



Edwin Rademeyer.



Werner Swanepoel. Aiden Fleuriot.



Wade Rowe (12).



George Modikwe, Christiaan Kruger, Rudy Jacobs en Ryon Bateman.



Derick Botes (11jaar), Devan Peens (12 jaar) en Chris Sameul (13 jaar).